



Professor CJP (Nelus) Niemandt is medeprofessor in Missiologie en hoof van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Sy navorsing fokus op missionale ekklesiologie en leierskap, en hy het twee boeke hieroor gepubliseer: *Nuwe drome vir nuwe werklikhede* en *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede*. Hy publiseer ook oor ontluikende kerke en nuwe vorms van liturgie en aanbidding. Hy stel baie belang in ekumene en sendingwetenskap en publiseer in verskeie plaaslike en internasionale vaktydskrifte. Hy was ook moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2013 en is voorsitter van die Algemene Sinode se Moderamen. Hy is medeskrywer van 'n belangrike beleidsdokument oor missionale kerkwees. Hy het uitgebreide ervaring as predikant en het langer as 20 jaar in die NG Gemeente Weltevreden gedien.

e-pos: nelusn@gmail.com

GG Cillie gedenklesing aangebied in Durban

MISSIONALE KERK EN MISSIONALE EREDIENSTE. 'N REFLEKSIE OP LEONARD SWEET SE 'GIVING BLOOD. A FRESH PARADIGM FOR PREACHING'

NELUS NIEMANDT
GODSDIENS- EN SENDINGWETENSKAP, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

SLEUTELKONSEPTE

Missionale ekklesiologie, missionale liturgie, trans-inkarnasie, geestelike transformasie, ervarings, deelname, ikonies, verbindend, musiek.

ABSTRACT

This research concentrated on the worldwide ecumenical, and emerging South African, interest in missional ecclesiology; as this missional renaissance does have important implications when considering the development of a missional liturgy. In this research the important role of church music in liturgy is acknowledged, as well as the impact of church music on ecclesial identity and character; by employing the concept of “transductive” or “trans-incarnational” experience in liturgy to create an embodied liturgy that gives life and hope and leads to spiritual transformation. It is suggested that utilisation of Leonard Sweet’s concepts of liturgy that are experiential,

participatory, iconic, and connective will facilitate in the development of transductive missional liturgy. Church music can play a very important role, and relates closely to these concepts; as music serves a missional spirituality. It is an ideal instrument to aid experience and addresses the most intimate part of life – religious life. Music creates transductive experiences and transports participants to the new world of Christ’s kingdom. Music also connects a congregation, as it is – at its core – participatory. Improvisations open up exciting possibilities to disrupt the conventional borders between composer, performer, and audience. In this way, music can assist missional theology in giving dynamic expression to theological concepts.

INLEIDING

Die konsep van missionale kerkwees het 'n verbeeldingryke golf geword wat tradisionele kerke, nuwe ontluikende gemeentes en die ekumeniese beweging in rep en roer het. Tradisionele Afrikaanse kerke (daarmee bedoel ek veral die Nederduits-Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Hervormde Kerk in Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) is in 'n proses om deel te neem aan hierdie missionale renaissance.

EKUMENIESE PERSPEKTIEWE

Daar is 'n groeiende ekumeniese konsensus oor missionale kerkwees aan die ontwikkel, wat sy ontstaan gehad het oor 'n aantal invloedryke ekumeniese byeenkomste vanaf 2010: By Edinburgh (Edinburgh 2010), waartydens die groot sendingkonferensie van 2010 gedenk is, is verklaar dat die wese van die kerk missionaal is. Ook dat die kerk 'n gevolg is van die Drie-enige God se sending en roeping, en voortvloei uit God se sending (Niemandt 2014:66).

Lausanne III (2011) verklaar in die *Cape Town Commitment* dat God sy mense roep om deel te neem aan God se sending. Die kerk se sending is dus geheel en al gebaseer op God se sending, is gerig op die geheel van God se skepping en het die versoeningswerk van Christus aan die kruis as oriëntasiepunt (Niemandt 2014:66-67).

By die Algemene Raad van die nuwe *World Communion of Reformed Churches* (WCRC 2010) word ook erkenning gegee aan die kerk se roeping om deel te neem aan die sending van die Drie-enige God; en word gestel dat die kerk gestuur is om die lewende Here te dien en lief te hê, en om onderlinge gemeenskap en geregtigheid na te jaag (WCRC 2010:62). Die missionale identiteit van die kerk word duidelik erken en behoort ook kerklike strukture en programme te bepaal (WCRC 2010:164).

Die fokus op missionale kerkwees blyk die duidelikste uit twee beleidsdokumente wat by die Wêreldraad van Kerke in Busan, Suid-Korea, gedien het. *Together towards life – mission and evangelism in changing landscapes* (TTL [Keum 2013]), 'n beleidsdokument oor sending; en *The church: towards a common vision* (TC [WCC 2013]), 'n beleidsdokument van die invloedryke *Faith and Order* kommissie. TTL sê dat die sturende God tot die geskiedenis en skepping toetree, en “lewe in volheid” vir die hele skepping in die oog het deur geregtigheid, versoening en vrede (WCC 2013:60). Die beleidstuk word dus gedra deur die oortuiging dat God 'n sturende God is – die Een wat sy Seun gestuur het om al God se mense op te roep, en deur die Heilige Gees

toerus om deel te neem aan God se sending. Dieselfde oortuiging spreek uit TC (WCC 2013:9):

The Holy Spirit came upon the disciples on the morning of Pentecost for the purpose of equipping them to begin the mission entrusted to them (cf. Ac 2:1-41). God's plan to save the world (sometimes referred to with the Latin expression *missio Dei* or "the mission of God"), is carried out through the sending of the Son and the Holy Spirit. This saving activity of the Holy Trinity is essential to an adequate understanding of the Church.

TC verstaan die kerk vanuit die perspektief van die Koninkryk van God (WCC 2013:8), met die evangeliese roeping om die Koninkryk te verkondig as 'n teken en dienskneg van God se plan (WCC 2013:18-19).

Uit bogenoemde word dit duidelik dat daar 'n duidelike ekumeniese konsensus oor die missionale aard van die kerk bestaan. Dit verteenwoordig 'n belangrike skuif, weg van 'n kerkgesentreerde sending, na 'n sendinggesentreerde kerk.

PLAASLIKE PERSPEKTIEWE

Hierdie ekumeniese konsensus word weerspieël in belangrike plaaslike ontwikkelings in die ekklesiologiese selfverstaan van die Nederduits-Gereformeerde Kerk (NGK), die Nederduitse Hervormde Kerk in Afrika (NHKA) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA).

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die NGK het by die Algemene Sinode in 2013 'n beleidsdokument – *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* – aanvaar "as deel van 'n gesprek wat ons help om saam nuwe taal te skep, wat ons lei om nuwe gesprekke te voer en so nuwe, verbeeldingryke moontlikhede vir die toekoms van die NG Kerk te ontdek" (NGK Agenda 2013a:200; NGK Notule 2013b:8). Hiervolgens is die kerk as gestuurde gemeenskap eerstens die *resultaat* van God se missie, en dan daarna *deelnemer* daaraan. So die kerk is sending, en neem ook deel aan God se sending. Dit is die hart en wese van die kerk, en die manier waarop die kerk lewe (NGK Agenda 2013a:200). Alles wat die kerk is en doen het 'n *missionale dimensie*, maar daar word hier spesifiek gefokus op vier begrippe om aspekte van die kerk se lewe as deelname aan God se missie na vore te bring: *leitourgia* (aanbidding), *koinonia* (opbou van die gemeenskap van die heiliges), *kerugma* (verkondiging) en *diakonia* (diensbaarheid) (NGK Agenda 2013a:203). Dit het belangrike implikasies vir gemeentes:

'n Missionale gemeente is 'n gemeente wat op die wêreld gerig is en wat deur haar deelname aan God se sending gevorm word. 'n Missionale gemeente word geroep om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel en volgens God se plan vir sy skepping te leef. 'n Missionale gemeente is deurdrenk met God se sending (NGK Agenda 2013a:207).

Na aanleiding van hierdie definisie word daar ook 'n aantal waardes van 'n missionale kerk beskryf (NGK Agenda 2013a:203):

- Die kerk fokus op die Drie-enige God.
- Die kerk se primêre gerigtheid is op die wêreld waarheen die Here haar stuur, nie op haarself en haar eie voortbestaan nie.
- Die kerk inkarneer die evangelie. Die konteks waarbinne die gemeente haarself bevind bepaal die aard van kerkwees.
- Die kerk transformeer die gemeenskap.
- Die kerk maak dissipels deur mense op te roep tot die transformerende krag van geloof in Jesus Christus.
- Die *missio Dei* vloei uit die gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk koester verhoudings en eenheid.
- Die kerk lewe 'n *kenotiese bestaan* en gee daarom sigself prys.
- Die kerk neem die evangelie na plekke en netwerke waar dit nog nie teenwoordig is nie.
- Die kerk het 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die skepping.

Daar kan ook verwys word na die NG Kerk (2007:185) se handleiding *Vir die Erediens*. Daarin word liturgiese voorstelle gemaak vir "Missionêre eredienste", wat beskryf word as eredienste wat gerig is op persone wat nie gewoonlik deelneem aan die eredienste van 'n gemeente nie. Dit kan ook verwys na eredienste van gemeentes wat nuut geplant word. Die voorstelle verduidelik dat daarna gestreef word om sover moontlik nie van tradisionele kerktaal en praktyke gebruik te maak nie.

Die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika

In die NHKA is die skuif na 'n missionale ekklesiologie voorberei deur die publikasies van 'n hele aantal vooraanstaande teoloë, soos onder meer Velthuysen (1988), Steenkamp (1995), Buitendag (2008), T.J.F. Dreyer (2009), Van der Merwe (2011), Van Aarde (2013) en W.A. Dreyer (2011). Op meer formele vlak het 'n belangrike nasionale Colloquium in 2006 gefokus op die kerk (Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika = NHKA, 2006). Met die Colloquium is 'n daadwerklike poging aangewend om nie net die ampsdraers nie, maar die gemeentes ook, saam te vat in die proses van bewusmaking en verandering. By die 68ste Algemene Kerkvergadering (2007) is daar aandag gegee aan gemeente-ontwikkeling, waarvan die missionale gerigtheid 'n wesenlike deel is (NHKA, 2007:37). Die kerk se opleidingsinstansies is versoek om te sorg dat predikante die vermoë sal hê om in 'n postmoderne samelewing gemeentes te begelei om "al meer missionêr gerig te leef" (NHKA, 2007:37). Predikante moet ampsdraers en lidmate toerus om missionale werk te verrig, en selfs die kerkorde behoort in die lig van die insigte hersien te word (NHKA, 2007:37). By die 69ste Algemene Kerkvergadering (2010) dien die verslag van die Raad vir Apostolaat. Hierdie verslag word met die uiters belangrike opmerking ingelei dat 'n kerk wat die apostolaat verwaarloos nie 'n kerk genoem kan word nie (NHKA, 2010:248).

“Enige gesprek oor die apostolaat is ten diepste ’n teologiese gesprek oor die wese en roeping van die Kerk” (NHKA, 2010:349). Gemeentes moet ’n missionale lewenstyl ontwikkel (NHKA, 2010:255).

Die Kommissie van die AKV het ook ’n Komitee vir Missionale Gemeentes aangewys, wat pertinent moes fokus op die begeleiding van predikante en gemeentes om ’n missionale bediening te ontwikkel (NHKA, 2010:259). Die saak geniet weer intense aandag by die 70ste Algemene Kerkvergadering (2013), veral by wyse van die verslag van die Raad vir Apostolaat. In die verslag word gestel: “Ekklesiologie begin by God, nie by die kerk nie. Die roeping van die kerk is nie ’n gesprek oor die kerk nie, maar ’n gesprek oor die opdrag wat God sy kerk gee” (NHKA, 2013:311). Daar word verder gesê: “Missionale ekklesiologie beklemtoon die kerk se gehoorsaame volg op die roepstem van God om deel te wees van God se plan (*missio Dei*) met die wêreld” (NHKA, 2013:313-314). Die verslag word afgesluit met ’n vermaning dat die missionaat van groot en ernstige belang is, maar nie die enigste elemente van kerkwees is nie. Selfs hierdie kort oorsig dui op ’n belangrike verskuiwing in denke in die NHKA, soveel so dat duidelik gestel kan word dat die NHKA deel is van die missionale renaissance.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het by die Sinode in 2012 besluit op ’n omdraaistrategie, wat veral gaan oor ’n ingrypende omkeer op alle vlakke van kerkwees. Tydens die bespreking van die saak is woorde soos “missionaal” gebruik om die fokus van die proses te verduidelik (Jackson 2012). Daar is gerapporteer dat daar selfs ’n bekering van teologiese opleiding nodig is om missionale kerkwees te help vestig (Jackson 2012). In die verslag oor teologiese opleiding word uitdruklik gestel: “Gemeentes (lidmate en leiers) moet gelei en toegerus word om Missionêre (Missionale) Kerke te wees. God het nie vir Sy kerk ’n sendingopdrag gegee nie, maar vir Sy sending (*Missio Dei*) ’n Kerk daargestel” (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Handelinge 2012:510). Die amptelike webbladsy verduidelik die kerk se siening van missionale aktiwiteite as volg:

Die Gereformeerde Kerke hanteer missionale aktiwiteite as ’n roeping van elke plaaslike gemeente. Daar is ’n groeiende aantal plaaslike gemeentes wat op ’n holistiese manier met woord en daad uitreik na mense in geestelike en fisiese nood, naby en ver (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 2014).

Die gevolgtrekking is duidelik: daar is in sowel ekumeniese kringe as in die geval van die drie Afrikaanse gereformeerde kerke ’n missionale ontwaking, wat omvangryke implikasies het vir kerklike identiteit en praksis, en dus ook die wyse waarop liturgie verstaan en ingerig word.

DIE MISSIONALE VERSKUIWING EN LITURGIE

Hierdie missionale verskuiwing raak die identiteit en praksis van die kerk, omdat dit belangrike implikasies vir die identiteit van gemeentes het – beide hoe ’n gemeenskap van gelowiges in

eredienste bymekaarkom en vanuit die erediens in die wêreld leef. Smith (2009:165) sê dat aanbidding die hart van menswees is, dat mense “liturgiese diere” is (Smith 2013:loc.337). Waar mense deelneem aan God se sending, vind dit plaas vanuit ’n missionale liturgie en word dit gevoed deur ’n missionale spiritualiteit.

Missionale spiritualiteit en liturgie

’n Missionale ekklesiologie het implikasies vir die wyse waarop lidmate se geloof gevorm word, omdat dit ten diepste verbonde is aan ’n missionale spiritualiteit. En spiritualiteit is eintlik die hart van missionale praksis (Kritzinger & Saayman 2011:189), omdat missionale spiritualiteit ’n geestelike bewussyn van God se teenwoordigheid en ’n lewe in die Triniteit is (Niemandt 2013:174). Dit stel ons bekend aan ’n God wat diep besorg is oor alle lewe. Dit is om in Christus te wees, en dan vanuit die lewe in Christus besig te wees met dit waarmee God besig is (*missio Dei*). Missionale spiritualiteit is dus die ingesteldheid om met ’n ander hart te kyk na die kerk en die wêreld waarbinne die kerk leef. Dit begin by die innerlike wêreld, dan vloei dit uit na die alledaagse leefwêreld (Niemandt 2013:177). Heitink (2011:20) sê treffend dat dit deel van ons diepste menswees is – die menslike aard is na buite gerig, maar word van binne uit gevoed. Dit beteken dat alle spiritualiteit ten diepste missionale spiritualiteit is.

Die bekende Nuwe Testamentikus, N.T. Wright (2008:170), sê daar is eintlik geen plek vir persoonlike verdieping wat nie uitloop op ’n lewe na buite en ter wille van die wêreld nie. Die Wêreldraad van Kerke (Keum 2013:12-13) sê dat egte Christelike getuïenis nie net te doene het met wat ons doen nie, maar juis ook met hoe ons lewe op die weg van sending. ’n Missionale spiritualiteit is dus baie belangriker as planne en strategieë om sendingwerk te doen, want spiritualiteit gee betekenis aan ’n mens se lewe deur mens te stimuleer, motiveer en lewenskrag te gee op die lewensreis.

Die nadenke oor missionale kerk het ook belangrike implikasies vir die liturgie en die erediens. ’n Kerk se ekklesiologie word ten toon gestel in haar liturgie, en liturgie is die hart van die missionale gemeenskap se georganiseerde lewe. Die implikasie is dat die missionale aard van die kerk sigbaar moet wees in die manier waarop die kerk aanbid. Long (2001:78) stel dit duidelik: “Vital and faithful congregations have a strong connection between worship and local mission, and this connection is expressed in every aspect of the worship service”. Die erediens is die plek waar die sturende God ontmoet word, waar die gemeente uitgestuur word en waar die gestuurdheid ingeoefen word. In die NGK se verslag word gesê:

Die hartklop van die kerk is immers die erediens waar mense byeenkom om God te aanbid en te verheerlik. Daarom moet *leitourgia* of aanbidding as ’n kernaspek van kerkwees in enige konteks benadruk word (NGK Agenda 2013:211).

Missionale liturgie ondersteun ’n missionale spiritualiteit – ’n missionale liturgie moet daarom ’n liturgie wees wat mense help om die lewende, Drie-enige God in aanbidding te ontmoet. Dit moet ’n ruimte skep waar God die deelnemers en die deelnemers God ontmoet, maar spesifiek dan die sturende God en sy mense as gestuurdes (Niemandt 2013:185).

Kenmerke van 'n missionale liturgie

Die funksie van 'n missionale liturgie is om die hart en verstand van gemeentelid so te mobiliseer vir 'n lewe in die Drie-enige God dat God se mense weer hulle roeping om beeld van God vir die geheel van God se skepping te wees, kan opneem (Smith 2013:loc3235). Missionale liturgie ondersteun dus die hele gemeente se beweging as gestuurdes na die wêreld toe, en rus lidmate toe om in hulle alledaagse lewe te leef soos burgers van God se koninkryk. Wepener (2008:214) beskryf missionale liturgie as 'n beweging na 'n deurlopende pneumatologiese interaksie tussen aanbidders en die Skrif, met 'n gefokusde bewussyn vanwaar die betrokke gemeente sigself in die konteks van die gemeente bevind en vanwaar die Drie-enige God reeds aan die werk is in daardie konteks. Missionale liturgie soek na die ervaring van die teenwoordigheid van God en om ruimte te maak waar God aanbidders kan nooi om deel te neem aan God se sending. Wanneer die kerk se fokus verskuif om lidmate toe te rus om God se sendelinge in die wêreld te word, vind verandering plaas en skuif die fokus van die liturgie ook.¹ Dit bring vernuwing en transformasie. De Gruchy (2005:716) pleit dat die kunste 'n integrale deel van hierdie vernuwing in die kerk sal wees, en dat dit ook deel van die aanbidding en sending van die kerk sal uitmaak. Nog meer as dit – die wyse waarop die kerk en teologie kunste aanwend, moet ook 'n missionale gerigtheid hê en tot voordeel van die gemeenskap wees.

Missionale liturgie ondersteun en dra by tot wat Sweet (2014:23) “transductive” of “trans-incarnational” ervarings noem – ervarings wat die deelnemers se lewe transformeer en hulle meevoer na die werklikheid van God se koninkryk en Christus se teenwoordigheid in hierdie lewe (i.e. 'n beliggaamde liturgie wat deelnemers se lewe en hoop verander). Hoewel Sweet se werk fokus op die prediking, is dit net so toepaslik op missionale liturgie, want dit wys op die teenwoordigheid van God midde-in die erediens en gemeentelid. So 'n missionale benadering beskou dan die hele liturgie as 'n genadegawe wat deelnemers se verhouding met Jesus Christus herstel op 'n wyse waar die verhouding nie meer gekenmerk word deur die passiewe ontvang van genade nie, maar verhef word tot aktiewe deelname aan 'n lewe in Christus. Dit dui op meer as bloot 'n rasionele of filosofiese benadering en wil die gebeure verruim tot 'n geloofsvervulde liturgie waar die lewende Here se teenwoordigheid gemeenskaplik beliggaam word, die hele lewe en menswees aangespreek word en hart en verstand beweeg word (Sweet 2014:23). Barna (2005:52) se omskrywing van geestelike transformasie beskryf dieselfde proses – hy praat van 'n betekenisvolle en blywende verandering waar iemand skuif van een stel substantiewe perspektiewe en gebruike, na 'n ander substantiewe stel gebruike en perspektiewe wat mense op die mees basiese vlak verander. Wepener (2008:216) wys daarop dat 'n missionale liturgie altyd poog om die Evangelie op die beste moontlike wyse in die kultuur van aanbidders te laat tuiskom. Sweet (2014:78) sê: “In transduction (or trans-incarnation), the moment itself is revelational. It discloses truth not yet through action but through trust, insight, relationality, intuition, and healed perceptions”.

¹ Die NG Kerk se *Handleiding vir die Erediens* is te beperkend in die verduideliking van missionale liturgie met die beskrywing dat dit gerig is op persone wat nie gewoonlik deelneem aan die eredienste van 'n gemeente nie. Wepener (2008:215) se kritiek dat dit missionalisties is, is geregtig.

Die verslag van die NGK (NGK Agenda 2013a:200) belig ook hierdie dimensie. Daar word verwys na die Oosters Ortodokse tradisie, wat al eeue lank die belang van 'n liturgie van die lewe wat op die liturgie van die erediens volg beklemtoon. In hierdie tradisie is die Nagmaal die vertrekpunt vanwaar die kerk se getuie in die wêreld groei. Calvyn het ook die viering van die Nagmaal direk aan 'n lewe van dankbaarheid gekoppel. In die erediens word die gemeente se identiteit gevorm. Daarom word liturgie beskou as die hart van die missionale gemeenskap se georganiseerde lewe. Gestuurde gelowiges se identiteit is dus gewortel in wat beide in en ná die erediens, in interaksie met die gemeenskap gebeur. 'n Erediens waarin aktiewe pogings aangewend word om die gaping tussen liturgie en lewe te oorbrug, is 'n erediens wat in die rigting van gestuurdheid beweeg.

'n Missionale liturgie kan verruim word deur, op die voetspoor van Leonard Sweet (2014:23) se boek *Postmodern pilgrims* (2000), te fokus op vier aspekte wat met die akroniem EPIC opgesom word, naamlik E vir “experiential”, P vir “participatory engagement”, I vir Bybelse verhale/“images” en C vir “connective” om te wys op alles wat die gemeente verbind aan dit wat Christus reeds deur die Gees in die gemeente doen.²

Ervaring

Uit die bogenoemde word dit duidelik dat missionale liturgie nie gaan oor 'n klomp stellings of die meedeel van feite of inligting nie. Nee, dit is om iets te ervaar wat 'n mens se lewe verander en die evangelie laat weerklank vind. Smith (2009:46) sê die aard van mense se teenwoordigheid in die wêreld is nie in die eerste instansie as denkers nie, selfs ook nie as gelowiges nie, maar eerder as gevoelsmatige, liggaamlike wesens wat hulle pad deur die wêreld vind langs die weg van gevoelens en ervaring. Die NGK (NGK Agenda 2013:211) verwys na 'n liturgie wat 'n gerigtheid op God het, en mense help om onderskeidend die lewende Drie-enige God in aanbidding te ontmoet. 'n Missionale gemeente kry haar identiteit in God wat 'n missionale God is en gevolglik kan die identiteit van die liturgie van so 'n gemeente ook nie anders wees nie. Elke aspek van gemeentewees moet God se beweging na die wêreld ondersteun – óók die liturgie. Dit behels 'n pneumatologiese beweging waar die betekenis van die Woord vir hierdie besondere gemeente, in hierdie omstandighede, gesoek word; terwyl 'n balans tussen die konteks van die aanbidders en die unieke kontra-kulturele aard van die Koninkryk van God steeds gehandhaaf word (Wepener 2008:216). Daarom is 'n missionale liturgie 'n liturgie wat daarna streef om 'n ruimte te skep waar God die deelnemers én die deelnemers God ontmoet. Liturgie is die kuns om transformerende ervarings met/van die Gansandere moontlik te maak, wat die deelnemers na 'n nuwe orde beweeg – die orde van God se Koninkryk. Barna (2005:31) bevind dat 8 uit 10 gelowiges nie 'n verbintenis met God ervaar tydens 'n erediens nie. Meer as die helfte sê hulle dink nie hulle was tydens 'n erediens in die teenwoordigheid van God nie.³ Barna (2005:63) onderstreep daarom die belang van praktiese geloofservarings in gemeentes waar daar 'n dieper en intenser betrokkenheid is.

² In Afrikaans sou dit EDIV kon wees: Ervaring, Deelnemend, Ikonies en Verbindend.

³ Die kwantitatiewe navorsing van Barna (2005) is nie vir Suid-Afrika beskikbaar nie, maar dieselfde leemtes is in Suid-Afrika ter sprake.

Deelnemend

Godsdienst is ten diepste deelnemend van aard, en die Christelike praxis is een van teenwoordigheid en deelname (Smith 2013:loc3262). Die mens is in 'n interaktiewe vennootskap met God – die verhaal van mense se deelname aan God se werk word byvoorbeeld uitgebeeld in die manier waarop die Bybel tot stand gekom het; want mense het aan God se Woord geskryf, en die kerk het deelgeneem aan die besluite oor watter Bybelboeke gesag vir die kerk het en watter nie. Mense neem vandag steeds daagliks deel aan die nuwe verstaan van God se Woord in hulle besondere omstandighede (Niemandt 2007:104). Wanneer missionale teologie se basiese uitgangspunt is dat God sy mense roep en uitstuur om deel te neem aan God se sending in die wêreld, groei lidmate se verstaan van kerkwees weg van 'n tradisionele hiërargiese vorm na 'n meer deelnemende vorm (Volf 1998:12).

Liturgie is 'n kuns – maar dan eerder die kuns van deelname as 'n uitvoerende kunsvorm waar die gemeente net toeskouers is. Sweet (2014:22) sê eredienste speel nie voor 'n gehoor af nie. Intendeel, die persoon wat 'n erediens lei, is 'n “participation artist” (Sweet (2014:46). Dit is veral belangrik in 'n digitale wêreld; want hoe meer digitaal kultuur word, hoe meer deelnemend is dit. Sweet (2014:91) sê:

A transductive sermon is a collage of narraphors and interactives, moves and plays, answers and questions, thrusts and trusts in which the homiletic experience changes and grows as it incorporates the responses of the congregation, takes on the stories of others, adapts to the questions of others, and allows for pause and “space” in which the body of Christ can immerse itself in Christ's incarnational presence.

Die konsep van deelname het nie in die loop van die geskiedenis die nodige aandag gekry nie. Die kerklike hiërargie het lidmate al meer uitgeskuif en van hulle toeskouers gemaak. Dit was juis teen hierdie verkeerde verstaan van kerkwees wat die Reformasie geprotesteer het. Deelname is herstel met die teologie van die priesterskap van alle gelowiges. Die probleem is net dat hierdie deelnemende Bybelse waarheid nie in die praktyk grondgevat het nie. Terwyl die priester van die altaar na die kansel beweeg het, het die lidmate steeds onbeweeglik in die banke bly sit. 'n Paar honderd jaar na die Reformasie is lidmate in baie gevalle steeds toeskouers (Niemandt 2007:104).

Missionale liturgie herstel hierdie aktiewe rol van lidmate en die fokus op hulle toerusting om in die alledaagse lewe deel te neem aan God se sending. Die kansel skuif tussen lidmate in. Daar is nie meer 'n liturgiese ruimte, asof daar 'n verskil tussen die voorste ruimte van die kerkgebou en die plek waar lidmate sit, is nie. Die hele gebou (soos die hele wêreld) is liturgiese ruimte; en die hele geloofsgemeenskap neem deel aan die erediens. Dit is nie 'n “opvoering” deur die ampte met die lidmate as toeskouers nie, dit is eerder 'n dans met God waaraan elke lidmaat deelneem. Die uitdaging is om vaardighede en geloofspraktyke te ontdek om 'n gemeenskaplike ervaring van die erediens moontlik te maak (Niemandt 2007:109).

Ikonies

Sweet (2000:87) beklemtoon die ikoniese aard van Bybelse beelde en verhale. Dit is omdat alle kulture bestaan uit 'n stelsel van simbole en 'n fyn verweefde web van metafore, verhale en beelde. Metafore is die basiese boustene van denke en verklaar dus die krag van liturgie – liturgie hervorm ons metafore en bring dit in lyn met Christus (Sweet 2000:93). Die ikoniese aard van ons samelewing is duidelik sigbaar in die noue band tussen ikone en ervaring – die ontwerp van ikone en beelde speel 'n belangrike rol in die ervaring wat daardeur geskep word (Sweet 2007:105). Dit is nie dat woorde teenoor beelde en ikone staan nie – dit is eerder dat woorde en beelde saam die hart van kommunikasie uitmaak (Sweet 2007:107).

Stories, metafore en beelde is eintlik die brood en botter van prediking en eietydse liturgie (Sweet 2014:27). Dit wil voorkom asof die proposisionale van baie kerke – i.e. die beheptheid om 'n “punt te maak” en geloof in stellings te verpak – juis deel van die oorsaak kan wees dat lidmate kerke verlaat op soek na 'n ervaring. Mense smag na sensoriese ervarings en vind dit nie in kerke met 'n oordrewe klem op die rede nie. Sweet (2014:48) sê: “The decline of establishment churches, and the rise of a ‘spirituality culture’, derives in part from this hunger for a sensory experience”.

Verbindend

Daar is 'n groeiende kulturele protes teenoor die individualisme wat hand-aan-hand met modernisme en die verbruikerskultuur gekom het, en 'n nuwe waardering vir “gemeenskaplikheid”. Barna (2005:45) wys op die waarde van egte verhoudings, sowel as die feit dat deurbrake plaasvind in geloofsgemeenskappe waar lidmate 'n voorkeur het om in verbintenis met ander op te tree (Barna 2005:89). Sweet (2000:113) sê verhoudings staan sentraal in 'n postmoderne kultuur en is die kern van die Christelike geloof – “...the truth of Christianity is the relationships” (Sweet 2007:144).

Een van die waardes van missionale kerke is juis dat geloofsgemeenskap vloei uit die onderlinge gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom is gemeenskap so geweldig belangrik. Daarom koester die kerk verhoudings en eenheid. Daarom help die kerk mense om waarlik mens en medemens te wees. Jesus het nie 'n boek geskryf nie, maar 'n geloofsgemeenskap gevorm (Niemandt 2007:81). Die kerk is gemeenskap en nie 'n byeenkoms nie (Niemandt 2007:83).

MUSIEK WAT 'N MISSIONALE SPIRITUALITEIT EN LITURGIE ONDERSTEUN EN DIEN

Hoe kan die musiekbediening in 'n missionale gemeente hierdie missionale spiritualiteit en liturgie ondersteun en dien? Dit kan dalk net wees dat musiek 'n swak preek red, soos Sweet (2014:214) so treffend sê: “Good music will carry a bad sermon a long way”. Maar daar is veel meer op die spel, want musiek is 'n uitdrukking van teologie – 'n kompakte vorm van teologie (Smith 2009:172).

Volgens Smith (2009:170) is musiek die taal van God se koninkryk en menswees: “ ... music and song seem to stand as packed microcosms of what it means to be human”. Die

vreemde is dat musiek skitter in sy afwesigheid in moderne teologiese refleksie (Begbie 2005:719); soveel so dat Begbie (2005:719-720) vra of die kerk dalk bang is vir die kragtige emosionele appèl van musiek. Of dalk het dit te doene met die Christelike teologie se beheptheid met woorde, en die meegaande ongemak wat spruit uit die feit dat musiek op 'n wonderlike wyse sonder woorde kan kommunikeer. Dit is van kritiese belang om na te dink en nuwe strategieë te formuleer om musiek – wat 'n missionale spiritualiteit dien – te ontwikkel. Musiek is immers die kernreaktor van gemeentelike aanbidding (Long 2001:53).

Musiek en ervaring

Musiek maak ervaring moontlik en verdiep geloofservaring. Dit is 'n vormende krag in die ervaring van godsdiens (Long 2001:54). Samesang help die gemeente om weg te kom van passiewe luister deur die hele liggaam te betrek – maagspiere en stembande, longe en tonge (Smith 2009:170), en op hierdie manier dan ook die hele menslike ervaring. Dit praat direk met die diepste geloofswêreld. Sweet (2014:103) sê:

The right brain turns the entire body into a lyre on which the winds of the Spirit can play the chords of truth. Music turns our being into a theremin that can give off “good vibrations,” vibes that are true and beautiful as well as good. Without engaging our right brains, we are left flat, able to analyze, to categorize, and to theorize but without sound or significance. We are left only with signifiers. Without right brains, there would be no Mozart quintet, Donne sonnet, Ming vase, Tiffany lamp, Huggler Black Forest carving, or Harley Davidson motorcycle.

Musiek verteenwoordig 'n manier om na die wêreld te kyk. Dit is en skep 'n ervaring wat mense meevoer en sowel hulle as die werklikheid transformeer. Die komplekse samespel van ritme en toonhoogte, die krag van klank en melodie, word opgeneem in 'n mens se verbeelding en deurdrenk jou hele menswees op 'n manier wat woorde alleen selde kan regkry. 'n Lied het die binnebaan na ons verbeelding en hart (Smith 2009:170), “... song soaks into the very core of our being, which is why music is an important constitutive element of our identity” (Smith 2009:171). In hierdie sin is musiek onontbeerlik in die daarstelling van 'n missionale liturgie en 'n “transductive” erediens. Musiek kan 'n ontmoeting met die reeds teenwoordige Here bemiddel.

Sing saam – musiek laat almal deelneem aan die liturgie en bind mense saam

Die wese van musiek, veral kerkmusiek, is dat dit deelnemend van aard is – dit is nie 'n opvoering waar die gemeente toeskouers en die musikant die uitvoerende kunstenaar is nie; dit is deel van die erediens waar die Gees, die gemeente en die uitvoerende kunstenaar in dialoog met mekaar is, en waar elkeen se deelname onontbeerlik is.

Een van die wyses waarop die deelnemende aard van erediens en koinonia in erediens deur musiek ondersteun en versterk kan word, is deur die musikale kuns van improvisasie. Improvisasie is die gelyktydige konseptualisering en produksie van klank in 'n uitvoering (Begbie

2005:730). Die waarde van improvisasie is dat dit die konvensionele grense tussen komponis, uitvoerende kunstenaar en gehoor ontwig en al drie gelyktydig aan die orde stel, wat 'n buitengewone geleentheid tot dialoog en deelname bied (Begbie 2005:730). Anders as in 'n monoloog, word die “ander” in 'n dialoog gerespekteer en die unieke deelname van die “ander” eerbiedig, en die uiteindelijke uitkoms word nie net deur die aanbieder nie, maar ook deur die deelnemer bepaal (Begbie 2005:731). Vir Begbie (2005:732) is improvisasie die “exploration of occasion”, wat nadenke oor improvisasie in die domein van die werk van die Heilige Gees plaas. Die Heilige Gees wat getrou is aan God se openbaring in Jesus Christus, maar gedurig deur die openbaring in nuwe omstandighede aktualiseer en kontekstualiseer. 'n Lewe in die kragveld van die Gees beteken dus trou aan die tradisie en verlede, om dit wat in die hede ontvang word relevant en toepaslik te maak as 'n uitdrukking van die verwagting oor die toekoms. Begbie (2005:732) stel dit so:

... improvisation has much to offer, given the way in which its disciplined fidelity to a shared tradition and its concern for singularity of circumstance are interwoven within a dynamic of hopefulness.

Dit verbaas dan nie dat teoloë wat poog om 'n missionale ekklesiologie te beskryf, praat van 'n kerk wat met jazz vergelyk kan word (sien bv *Blue like jazz*, Miller 2003).

Beeldryke musiek

Musiek is een van die liturgiese elemente wat beeldryke liturgie ondersteun. Min dinge druk emosie so kragtig uit as musiek. Musiek kan die teologiese nuanses van 'n erediens onderstreep – liedere versterk die stories wat vertel word, verdiep die metafore wat gebruik word en verduidelik die sakramente beter as duisende woorde; dit maak sekere sleutelbegrippe in die teologie verstaanbaar (Begbie 2005:729). Daar is twee konsepte wat baie belangrik in missionale teologie is, naamlik die inkarnasie en die Triniteit. Daar is baie filosofiese probleme om aan God as die teenwoordige en werkende God te dink, 'n begrip wat in missionale teologie met die konsep *missio Dei* uitgedruk word. Hoe kan mens aan God dink as volledig God wat alomteenwoordig in tyd en ruimte is, en tog ook teenwoordig is in die tyd- en ruimtegebode wêreld? Begbie (2005:729) stel voor dat musiek kan help – dink aan twee note wat saam gehoor kan word: “... here we confront not two realities vying for the same space, but co-presence without mutual exclusion and without merger, both in the same heard ‘space’”. Dieselfde geld die nadenke oor die Triniteit – die eenvoud van drie note in een akkoord wat iets uitdruk van die Vader, Seun en Heilige Gees, in en deur elkeen (die *perichoresis*), kom dalk baie makliker as wiskundige of tydruimtelike konsepte (Begbie 2005:729).

SLOT

Musiek kan 'n belangrike rol speel om inhoud en identiteit aan 'n missionale liturgie te gee. Die missionale renaissance, wat in sowel die ekumeniese bewegings as in hoofstroom Afrikaanse

kerke aan die ontwikkel is, noodsaak nuwe denke oor die wyse waarop liturgie ingerig word. Die uitdaging is om “transductive” of “trans-incarnational” ervarings te skep – ’n beliggende liturgie wat deelnemers se lewe en hoop verander en geestelike transformasie tot gevolg het. In hierdie navorsing is getoon dat Leonard Sweet se konsepte van liturgie wat fokus op ervaring, wat deelnemend van aard is, die belang van die ikoniese erken en lidmate aan mekaar verbind, juis so ’n beweging kan ondersteun, en dat kerkmusiek uitstekend by hierdie konsepte pas. Wanneer daar aandag gegee word aan ervaring, deelname, beeldryke musiek en die verbindende krag van musiek is dit moontlik vir musiek om ’n missionale spiritualiteit te dien. Musiek skep ervarings wat mense meevoer en transformeer, en die werklikheid nuut maak. Hier is veral die opwindende moontlikhede tot dialoog en deelname wat “improvisasie” bied belangrik, omdat dit die konvensionele grense tussen komponis, uitvoerende kunstenaar en gehoor ontwig. Uiteindelik kan musiek die teologie help om belangrike teologiese en missionale konsepte dinamies uit te beeld en ’n ander karakter aan teologiese konsepte verleen as bloot die statiese proposionaliteit wat soms die diskoers oorheers.

BIBLIOGRAFIE

- Barna, G. 2005. *Revolution*. Carol Stream: Tyndale House.
- Begbie, J.S. 2005. Theology and music, in Ford, D.F. & Muers, R. (reds.). *The Modern Theologians: An introduction to Christian theology since 1918*. Oxford: Blackwell.
- Buitendag, J. 2008. Ecclesia reformata semper reformanda – die ongemaklike eis. *HTS Teologiese Studies*, 64(1): 123-138.
- De Gruchy, J.W. 2005. Theology and the visual arts, in Ford, D.F. & Muers, R. (reds.). *The Modern Theologians: An introduction to Christian theology since 1918*. Oxford: Blackwell.
- Dreyer, W.A. 2011. *Praktiese Ekklesiologie en Bedieningspraktyk: Met verwysing na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Ongepubliseerde PhD proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Dreyer, T.F.J. 2009. ’n Kerk met karakter: Die perspektief van Gerben Heitink. *HTS Teologiese Studies*, 65(1): Art. #315.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2014. *Missionale aktiwiteite van die GKSA*. <http://www.gksa.org.za/Deputate/sending-deputate>. Datum van besoek: 29 Julie 2014.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Handeling. 2012. *Handelinge van die tweede Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: Potchefstroom, 4 Jan. 2012 en volgende dae*. <file:///C:/Documents%20and%20Settings/user/My%20Documents/Downloads/Sinode+2012.pdf>. Datum van besoek: 29 Julie 2014.
- Heitink, G. 2011. *Golfslag van de tijd: Europa's niet te stillen verlangen naar God*. Kampen: Kok.
- Jackson, Neels. 2012. *Nuwe wyn én sakke vir GKSA*. Beeld 19 Jan. 2012. <http://m.news24.com/nuus24/Rubrieke/NeelsJackson/Nuwe-wyn-en-sakke-vir-GKSA-20120119>. Datum van besoek: 29 Julie 2014.
- Keum, J. (red). 2013. *Together towards Life: Mission and evangelism in changing landscapes: With a practical guide*. Geneva: World Council of Churches Publications.
- Kritzinger, J.N.J. (Klippiess) & Saayman, W. 2011. *David J Bosch: Prophetic integrity, cruciform praxis*. Dorpspruit: Cluster.
- Lausanne III. 2011. *Cape Town Commitment, The Third Lausanne Congress on World Evangelization*, Cape Town, 16-25 October 2010.
- Long, Thomas G. 2001. *Beyond the worship wars: Building vital and faithful worship*, Herndon VA: Alban Institute [Kindle ed.].
- Miller, D. 2003. *Blue like jazz: Non-religious thoughts on Christian spirituality*. Nashville: Thomas Nelson.
- Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika. 2007. *Besluitbundel van die 68ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA*. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika. 2007. *Besluitbundel van die 68ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA*. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika. 2010. *Notule van die 69ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA*. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika. 2013. *Notule van die 70ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA*. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2007. *Vir die Erediens: ’n handleiding*. Wellington: Bybel-Media.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2013a. *Agenda vir die 15de vergadering Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2013*, 6-10 Okt, 2013.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2013b. *Notule vir die 15de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 6-10 Okt, 2013.
- Niemandt, C.J.P. (Nelus). 2014. Emerging missional ecclesiology in the Dutch Reformed Church in South Africa and church polity, in Janssen, A.L. & Koffeman, L.J. (reds.). *Protestant church polity in changing contexts I: Ecclesiological and historical contributions*. Proceedings of the International Conference, Utrecht, The Netherlands. 7-10 November 2011. Zurich: Lit Verlag.
- Niemandt, C.J.P. 2013. *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede*. Vereniging: CUM.
- Niemandt, C.J.P. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*. Wellington: LuxVerbi-BM.
- Smith, James K.A. 2013. *Imagining the Kingdom: How worship works. Vol. 2 of Cultural Liturgies*. Grand Rapids: Baker Academic [Kindle ed.].
- Smith, James K.A. 2009. *Desiring the Kingdom: Worship, worldview, and cultural formation. Vol. 1 of Cultural Liturgies*. Grand Rapids: Baker Academic [Kindle ed.].
- Sweet, L. 2000. *Post-modern pilgrims: First century passion for the 21st century world*. Nashville: Broadman & Holman Publishers.
- Sweet, L. 2007. *The Gospel according to Starbucks: Living with a grande passion*. Colorado Springs: Waterbrook.

- Sweet, L. 2014. *Giving blood: A fresh paradigm for preaching*. Grand Rapids: Zondervan.
- Steenkamp, L.J.S. 1995. Die kerk onderweg na die een en twintigste eeu: 'n Kritiese besinning oor kerkwees in 'n veranderende konteks in Suid-Afrika. *HTS Teologiese Studies* 51(3): 604-622.
- Van Aarde, A.G. 2013. 'n Postliberale perspektief op 'n ekklesiologiese modaliteit as 'n ecclesia in ecclesia – heroriëntasie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *HTS Teologiese Studies* 69(1): Art. #2012.
- Van der Merwe, J.C. 2011. Missionale gemeentes in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – Teologies verantwoord. *HTS Teologiese Studies* 67(3): Art. #1094.
- Velthuysen, G.C. 1988. Die wese van die kerk: 'n Teologiese antwoord op 'n filosofiese vraag. *HTS Teologiese Studies* 44(2): 489-513.
- Volf, Miroslav. 1998. *After our Likeness: The church as the image of the Trinity*, Grand Rapids: Eerdmans.
- Wepener, C.J. 2008. Toward missional liturgy. *NGTT* 49(1&2): 206-220.
- World Communion of Reformed Churches. 2010. *Proceedings of the Uniting General Council 2010*. Grand Rapids, United States, Junie 18-28, 2010.
- World Council of Churches. 2013. *Resource book WCC 10th Assembly, Busan 2013*. Geneva: World Council of Churches Publications.
- Wright, N.T. 2008. *Surprised by hope*. New York: HarperOne.



Inette Swart is sedert 2011 postdoktorale navorsingsgeenoot aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. In 2010 word die graad DMus aan haar toegeken deur die Universiteit van Pretoria. As pianis wen sy die UNISA PJ Lemmer Oorsese Musiekstudiebeurs vir Voordraers sowel as die UNISA DJ Roode Oorsese Musiekstudiebeurs vir Onderwysers, wat haar in staat gestel het om die *Postgraduate Artistic Training Certificate* aan die Fryderyk Chopin Universiteit in Warskou, Pole, te voltooi. Die Ernest Oppenheimer Memorial Trust studiebeurs word ook aan haar toegeken. Vroeëre kwalifikasies sluit in 'n meestersgraad aan die Eastman School of Music in Rochester, NY, asook die Fellowship of the Royal College of Music, Londen (met onderskeiding). Inette se debuut-CD, *Chopin Plus*, word in 2011 genomineer vir die SAMA-toekenning. Sy lewer voordragte by verskeie internasionale kongresse en artikels deur haar is gepubliseer in internasionaal geakkrediteerde vaktydskrifte.

Gerhard Swart is sedert 1980 verbonde aan die Universiteit van Pretoria, waar hy tans medeprofessor in Grieks is in die Departement Antieke Tale. Hy het in 1982 die graad MA verwerf met 'n verhandeling oor die *Elektra* van die klassieke tragediedigter Sophokles, en in 1990 die graad DLitt met 'n proefskrif oor die drama *Christus Patiens*, wat tradisioneel aan Gregorius van Nazianzus toegeskryf word. Meer onlangse bydraes uit sy pen weerspieël sy belangstelling in die taalkunde van Nuwe Testamentiese Grieks, die Hellenisties-Joodse agtergrond van die Nuwe Testament en veral die deuterokanonieke literatuur – boeke wat deel vorm van die *Septuaginta* (die Griekse vertaling van die Hebreeuse Skrifte) maar waarvan Hebreeuse oorspronklikes nie bestaan nie of verlore geraak het.



e-pos: inette.swart@nwu.ac.za | gerhard.swart@up.ac.za

BELIGGAAMDHEID IN LOFPRYSG EN AANBIDDING: HERLEWING VAN 'N BYBELSE TRADISIE?

INETTE SWART
NISENTITEIT – MUSIKALE KUNSTE IN SUID-AFRIKA: HULPBRONNE EN
TOEPASSINGS, POTCHEFSTROOMKAMPUS, NOORDWES-UNIVERSITEIT

GERHARD SWART
DEPARTEMENT ANTIEKE TALE, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA